

Publication: Beeld,Daily (SpecialFeatures)
Publication Date: 05 Apr 2017
Page: 7

AVE: 38808.09
Circulation: 41682
Part: 1 of 1



**Sport**

# Tuks-atlete kraai koning in Varsity-reeks

**Wilhelm de Swardt**

Tukkies se atlete het in die Varsity-atletiekreeks daarin geslaag om die Olimpiese leuse, "Citius, Altius, Fortius", tot 'n fyn kuns te vervolmaak.

Sedert die instelling van die gewilde reeks het die Tukkies 11 van die 13 byeenkomste gewen – 'n bewys van hul spoed en krag.

Ná die afgelope Vrydag is Tuks die algehele wenner van die reeks. Dis die tweede keer dat Tuks dit regkry. Tuks was ook 'n slag die gesamentlike wenner.

Soos verwag, het Tuks se naellopers weer die botoon gevoer. Gift Leotlela se vertoning in die 100 m was beslis die hoogtepunt. Hy het die kort naelloop in 'n tyd van 10.12 sek. afgeblits om sy eie Suid-Afrikaanse juniorrekord te ewenaar. Die vertoning het aan hom die victor ludorum-titel besorg.

Kenners voorspel dat die 18-jarige Leotlela die sesde Suid-Afrikaanse atleet gaan word om die 100 m in 'n tyd vinniger as 10 sek. te voltooi.

Dit kan dalk net die naweek in Kaapstad gebeur wanneer hy aan die Suid-Afrikaanse juniorbyeenkoms deelneem.

Leotlela is skitterend op dreef. In sy eerste 100 m-wedloop dié seisoen het hy Wayde van Niekerk, Olimpiese en wêreldkampioen in die 400 m, in Bloemfontein geklop. Ongelukkig is die tydhouers aan die slaap gevang en is daar geen amptelike tyd vir die wedloop nie. In sy volgende wedloop het hy Akani Simbine se Suid-Afrikaanse juniorrekord verbeter. En nou het hy sy eie rekord geëwenaar.

Dit kan aangevoer word dat Leotlela onder effense druk is om voor sy 19de verjaardag op 12 Mei sy deurbraakwedloop te hardloop. Kry hy dit reg, sal hy net die tweede 18-jarige atleet tot nog toe wees wat die 100 m in 'n tyd vinniger as 10 sekondes kon hardloop.

Amptelik is Trayvon Bromell (Amerika) die enigste 18-jarige wat dit nog kon regkry. In 2014 het hy 'n tyd van 9.97 sek. gehardloop toe hy 18 jaar en 338 dae oud was. Mark Lewis-Francis (Brittanje) het in 2001, toe hy 18 jaar en 334 dae oud was, ook 'n tyd van 9.97 sek. gehardloop. Ongelukkig was daar nie 'n windmeterlesing nie en is sy tyd dus nieamptelik.



**Prof. Cheryl de la Rey, rektor van die Universiteit van Pretoria, saam met die wenspan.** Foto: REG CALDECOTT

Rikenette Steenkamp het die tweede keer agtereenvolgens die beste vertoning deur 'n vroue-atleet gelewer toe sy die 100 m-hekkies in 'n tyd van 13.22 sek. gewen het. Sy was in Potchefstroom ook die beste atleet.

Tebogo Mamatu het die 100 m in 11.48 sek. gewen. Die tyd is net 0.08 sek. stadiger as haar persoonlike beste tyd van 11.40 sek. Sy was op die eerste byeenkoms ook die vinnigste vrou.

Clarence Munyai (TuksSport High School) het as lid van die uitnodigingspan beïndruk deur die 200 m in 'n tyd van 20.25 sek. te wen. Dis net 0.15 sek. stadiger as sy Suid-Afrikaanse juniorrekord.

Danie Cornelius, Tuks-atletiekbestuurder, skryf die sukses toe aan deeglike beplanning en die absolute toewyding van die atlete en afrigters. "Elke atleet by TuksAtletiek het 'n hongerte om die beste in hul onderskeie nommers te wees. En soos gesê word: Sukses lei tot sukses. Een suksesstorie lei tot 'n volgende. Kyk maar net wat in die naellope aan die gebeur is."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.